


3.1.4 Plantegroeibedekking

Goeie plantegroeibedekking op grondvlak is 'n belangrike aspek van veldbestuur. Grond wat goed deur plante, soos grasse, bedek word, het 'n groot invloed op die doeltreffende benutting van reënwater en op die produktiwiteit en toestand van die grond. Plante en/of organiese materiaal op grondvlak het die volgende positiewe uitwerking op die ekosistels:

- Plante en organiese materiaal verlangsamen die spoed van afloopwater en bevorder sodoende infiltrasie en plantgroei. Aan die ander kant sal ontblote grond selfs gedurende normale reënseisoene droogte ondervind.
- Plante breek die impak van reëndruppels en verminder dus die kans op korsvorming en grond-erosie.
- Plantbedekking beheer temperatuuruiters in die grond en verbeter dus saailing-oorewing, verminder verdamping en onderhou gesonde mikrobiële lewe in die grond.
- Plante verminder windsnelheid op grondvlak en verminder sodoende die vlak van wind-erosie en bevorder dus die vestiging van 'n groter saadbank.
- Plante verloor blare of gaan uiteindelik dood en laat dan organiese materiaal agter wat as deklaag dien of deur ongewerweldes ingewerk word. Dié organiese materiaal verbeter grond se vermoë om water en voedingstowwe te behou en bevorder grondvrugbaarheid.

Moeder Natuur wil nie naak wees nie.

'n Goeie grondbedekking kan verdamping met tot 60% verminder.



Figuur 3.10 Die stadige aflooptempo van goed bedekte grond laat meer tyd vir infiltrasie van water (bo). Omgekeerd, die aflooptempo van swak bedekte grond is vinnig, met minder tyd vir infiltrasie (aangepas uit Tongway & Hindley 2004).

Is jou grond gereed vir reën?

Grond met 'n swak grondbedekking (links) het 'n hoë risiko vir grond-erosie en 'n lae infiltrasietempo van reënwater. Grond met 'n goeie grondbedekking (regs), onder dieselfde klimaats- en grondtoestande soos aan die linkerkant, is beter toegegerus om reën te benut en die permanente verlies van

produksiepotensiaal weens erosie van bo-grond, te voorkom.

